



TOULEIER

Ons soek nog stories!



Dit gaan punt in die wind hier in Sandkantland. Vandag het daar presies drie druppels reën hier geval, en toe vertrek die wolke weer. Darem 'n koelte neergedaal wat al 'n heel paar dae hou – lyk my winter is amper hier.

Met die weerberig agter die rug, na meer saakliker dinge. Daar kom elke keer wanneer ek die *Kammanuus* uitstuur, sowat 400 terug. Ek weet daar is 'n paar wat regtig onaflewerbaar is, soos waar mense van werk en ook van posadres verander het sonder om ons te laat weet.

Die oorgrote meerderheid wat hop is egter weens klein tegniese foutjies soos vol posbusse. Of soms is dit Yahoo- of Hotmail-adresse wat dit as gemorspos klassifiseer.

Maar ek dwaal al weer af. Ons verspreider in Kanada se stelsel haal 'n adres van ons poslys af as die e-pos meer as drie keer terugkom.

Daar is bitter min wat ek daaraan kan doen. Toe ek egter my vriend Jan se adres ook laas week op die hoplys opmerk, besef ek dis tyd dat ek bietjie moet waarsku: **Dit kan met jou ook gebeur.**

Ek het ongelukkig nie die tyd om deur al die adresse te gaan vir bekendes nie. Indien jy dus agterkom dat (behalwe nou vir Desember) jou *Kammanuus* langer as twee weke wegblj, moet jy asseblief sommer weer inskryf of net laat weet, dan sit ek jou terug op die lys.

Lekker stories oor byname

Dankie vir al die lekker stories oor byname en hul herkoms wat ingekom het. Ek is seker dit gaan nog 'n paar van julle inspireer om by te dra tot ons eg Afrikaanse skatkis. Dit sal sommer ook help met vriend Francois se boek wat hy hieroor wil saamstel. Skryf vir my by pos@onsdorp.com met die opskrif BYNAAM.

Ek het sommer van my neef André Conradie ook verneem oor sy weergawe van ons oom Gert se bynaam. Hy meen die naam 'Alkant' het beteken die man was ewe lelik van voor en van agter. Ek het egter vir oom Alkant persoonlik ontmoet en vermoed hy het die naam gekry omdat hy 'alkant' ewe rond was. 'n Mens kon hom seker ook Rondomrond genoem het.

Oom Gert het ook sy eie name aan plekke gegee. Op 'n wolklose Kalaharinag, as ons buite sit en die derduisende sterre sit en bewonder, sal hy vir ons kinders vra of ons daardie skynsel op die horison sien.

"Dis die ligte van Nineve," sal hy ons inlig, bedoelende Upington. Tot vandag toe nog is Upington vir my die Nineve van die Bybel.

Skryf vir ons oor die Groot Dae!

Ons gaan nog een *Kammanuus* in die jaar indruk: die een van 15 Desember, waarna ons so bietjie uitspan vir die Groot Dae voordat ons op 12 Januarie hervat.

Van die Groot Dae gepraat: Ek sien reikhalsend daarna uit om van Kammalanners te verneem hoe hulle dit deurgebring het - veral as dit "anders" was as ander jare, of as dit 'n regte makietie of 'n saamtrek was.

Veral die klomp Anderkantlanders se Krismis of Nuwejaar is dalk 'n saamtrek van familie wat uit Duskantland kom kuier het. Of dalk gaan 'n klomp van julle gesinne saamtrek om dit spesiaal 'n Afrikaanse of Suid-Afrikaanse kleur te gee. Laat daai vingers werk sodra die pense gesak het!

VOLGENDE KEER vertel ek meer van die abaja wat die Moslem-vroue hier in Katar dra, en die voordele wat dit inhou.

Groetnis

Hennie Greeff

Doha, Katar



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Die pennie begin val

HIER is twee beriggies wat 'n mens saam moet lees, dan maak hulle baie sin:

- "Meer as 70% van die senior bestuurder van binnelandse sake beskik nie oor die nodige vaardighede nie."

— *Mavuso Msimang, direkteur-generaal.*

- "Sommige van die dinge wat ons gedink het gedoen moet word, kweek eintlik 'n generasie van mans en vroue wat dink hulle is geregtig op sekere dinge. 'n Nasie wat mense kweek wat dink dat hulle geregtig (op iets) is, is gedoem om te misluk," het hy gesê.

— *Terence Lekota, voorsitter van Cope, oor regstellende aksie.*

► **Wil mos vir Roelfie lyk of die pennie uiteindelik begin val.**

❖ Op pad na Zumabwe

DIE bloulig-kavalkade - 33 voertuie - laat alles voor hom spaander soos daar teen 180 km/h oor die slagat-besaaide pad gejaag word. Hier en daar is die loop van 'n geweer sigbaar wat by 'n karvenster uitsteek.

Voor die kavalkade uit jaag 'n klomp spietkops wat alle verkeer in albei rigtings van die pad dwing en elke kruising sluit sodat die sirkus kan verbygaan.

► **Sirkus? Ja, maar van 'n ander soort: Dis maar net Storkop Zuma wat haastig op pad is om van Duskantland Zumabwe te maak.**

❖ Gerieflike aanstelling?

OUER lesers sal nog onthou dat daar 'n bank soos Volkskas was - met 'n ploeg as logo en die leuse "Arbeidsaamheid."

Dié eens Afrikanerbank het toe Absa staan en word - seker maar om saam met die tye te beweeg. Nou beweeg hy verder saam met die tye en stel 'n hoge ANC-amptenaar as sy baas aan.

Dis nou nie asof miesies Maria Ramos 'n sukses gemaak het van Transnet nie, want die lorries ry steeds die paaie sat en die spoorvervoerdiens gaan nog verder agteruit. Pleks van **reg**maak, het sy alles wat teen 'n verlies werk, **toe**-gemaak.

► **Roelfie wonder nou of die feit dat sy 'n kooi met Klewwer Trewwer Handrat deel, iets met die besluit te make het?**

❖ Politieke maagde

HOE meer Roelfie daarvoor dink, hoe meer tref dit hom dat die nuwe Cope party van Mossie Dakota en kie. eintlik maar 'n geval is van ANC Light, soos in Coke Light.

Hierdie selfde spul het hard meegewerk om die monster te skep waarna hulle nou die vinger wys. Hulle was tjoepstil te midde van die wapenskandaal en die reisskandaal en al die ander skandale. Hulle het geswyg tydens Dr. Knoffel en Tafelenbedjie se mistasting oor vigs en die vernietiging van staatsinstellings.

► **Nou wil hulle voorgee hulle is politieke maagde. Eisj!**

❖ Gerusstelling

POLITIEKE onverdraagsaamheid is weer aan die orde van die dag. In die '94-verkieping was daar 80 "no-go" gebiede waar 'n lid van die opposisie dit nie durf waag het nie, en dit lyk nie of veel verander het nie.

In die ou Nat-Sap dae is daar ook vergaderings opgebreek en met vrot eiers en tamaties gegooi, maar dit was darem nie naastenby dieselfde nie.

Onthou Roelfie die storie van 'n vergadering in die ou Drakensberg-kiesafdeling van tant Sannie van Niekerk. En hoe 'n skraal mannetjie in die gehoor elke dan en wan opgespring het met die skril vraag: "Ja, maar wie sal ons beskerm?"

Toe hy dit die vierde of vyfde keer doen, kon 'n stewige tante reg agter hom haarself nie langer betoel nie. Sy staan toe op, druk hom plat op sy stoel en stel hom gerus met: "Sit, jou klein stront. EK sal jou beskerm!"

► **Deesdae is daar veel meer wat beskerm moet word, beginnende by die regstelsel en die howe.**

Allegaartjie

Aan al die Kammalenders wat 'n glas wyn geniet

en ook - of dalk veral - dié wat nie wyn drink nie.



Benjamin Franklin het gesê:

"Wyn het wysheid, bier het vryheid, water het bakterieë."

Wetenskaplikes het gevind as ons elke dag een liter water drink, het ons aan die einde van die jaar 1 kilogram E.Coli geabsorbeer - die bakterie wat in uitskeiding gevind word.

Met ander woorde, ons het een kilogram poef geëet.


As jy wyn en bier (of tequila, rum, whiskey, brandewyn en ander drank drink) loop jy NIE dié risiko NIE, want alkohol moet deur in reinigingsproses gaan wat kook, filter en/of fermentering behels.

Onthou: Water = Poef ; Wyn = Gesondheid

Daarom is dit beter om wyn te drink en str*nt te praat, liever as om water te drink en vol str*nt te wees.

Hierdie raad is gratis en word as 'n openbare diens aangebied.

Hoekom raak vroue deesdae al hoe onwilliger om te trou?
Omdat hulle eerder spek in die yskas wil hê as 'n vark in die sitkamer.



Die voordele om 60 en op pad na 70 te wees

01. Ontvoerders stel nie baie in jou belang nie.
02. In 'n kapingsituasie sal jy waarskynlik eerste vrygelaat word.
03. Niemand verwag van jou om te hardloop nie - nêrens nie.
04. Mense bel jou om 21:00 en vra of hulle jou wakker gebel het.
05. Mense dink nie meer jy het ipekonders nie.
06. Daar bly niks oor wat jy op die harde manier moet leer nie.
07. Goed wat jy nou koop, sal jy nie hoef te vervang nie.
08. Jy kan aandete om 16:00 eet.
09. Jy kan sonder seks klaarkom, maar nie sonder jou bril nie.
10. Spoedperke is nie meer vir jou 'n uitdaging nie.
11. Jy probeer nie meer jou maag intrek nie, maak nie saak wie by die kamer inloop nie.
12. Jou oë sal nie baie slegter word nie.
13. Jou belegging in gesondheidsversekering werp uiteindelik dividende af.
14. Jou knieë en elmboë is akkurate as die weervoorspellingsdiens.
15. Al jou geheime is veilig by jou vriende, want hulle kan dit ook nie meer onthou nie.

Jy sal môre vergeet waar jy hierdie lys gelees het.

ONTHOU: Moet nooit 'n slaappil en 'n lakseermiddel op dieselfde aand drink nie.



Dié week se giggels



Verstaan ek reg: Die Arabiere kry al die olie, en ons moet wát afsny?

GATIEP

Gatiep loop met 'n spul sinkplate onder sy arm die straat af.

Sy pel vra: "Wat is daai?"

Gatiep: "Ek is vanoggend geskei en ek het die huis gekry."

GEKORING

Hoe weet jy wanneer jy werklik dronk raak?

Jy begin gesofistikeerd voel, maar kan dit nie spel nie.

VIER NUTTIGE WENKE

1. Maak altyd 'n netjiese kring met 'n permanente pen om 'n hardnekkige vlek wat jy wil verwyder, sodat jy ná die was maklik kan sien of die vlek weg is.
2. Moenie 'n duur verkyker koop nie - staan liever nader aan die voorwerp waarna jy wil kyk.
3. Herskep die genot van 'n besoek aan 'n openbare swembad deur die bad vol te tap met koue water, twee bottels Jik daarin te gooi en dan in die water te piepie voordat jy in klim.
4. Vermoed parkeerkaartjies deur jou ruitveërs op hulle vinnigste stelling te laat werk terwyl jy inkopies doen.

SWAK RAPPORT

Jannie se rapport is nie baie goed nie, en sy pa is bra ontevrede.

"Miskien sal dit help as pa vir my 'n ensiklopedie koop," waag hy.
"Ensiklopedie se gat," sê sy pa.
"Jy sal aanhou skool toe stap, nes al die ander kinders!"

SEWE MANIERE OM TE WEET OF JY KOMMIN IS

1. Die Halloween pampoen op jou stoep het meer tande as jou meisie.
2. Jy is al drie keer getroud, maar jou skoonouers bly dieselfde.
3. Jack Daniels is op die lys van mense wat jy graag wil ontmoet.
4. Jy het een volledige stel koppies en op almal staan Wimpy.
5. Die grootste dorp waarin jy al in was, was Boys Town.
6. Jy dink Johnny Walker het die Comrades gewen.
7. Jou bure dink jy is 'n speurder want die polisie bring jou altyd huis toe.

GELD WAT PLA

Twee spesialiste loop mekaar in die private hospitaal se kafeteria raak.

"Ek hoor jy het vanoggend op mevrou professor Van Straaten geopereer. Waarvoor was dit?" vra die een.

"R50000," kom die antwoord.

"Nee, ek bedoel, wat het sy gehad?"

"Ek sê jou mos: R50000."

WET VAN DIE BAD

As jy net lekker in 'n bad vol water inskuif, sal die foon of die deurklokkie lui.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Duskantlanders in Anderkantland

Londen: Britte maak vuur met geld

Deur FRANCOIS GREEFF

"Die staat se vuurwerkvertonings is vir my omtrent so opwindend as wat 'n halfdronk minnaar vir 'n lustige meisie is, want dit duur net tien minute."

Die een plek wat my die meeste laat besef het dat hierdie mense Ryk is, met 'n hoofletter, is Sloane Square.

Sloane Square is die kleinste stukkie oop grond wat moontlik 'n plein genoem kan word. Tussen die plaveisel deur groei daar 'n halfdosyn of wat bome. Elke jaar, hierdie tyd, kom daar 'n span vrek duur lorries met spesiale hyskrane wat mense kan ophys, en hulle werk dan in 'n hele span mense om 'n gevlegde net vol liggies bo-oor elke boom te trek.

Dit was my end, om dit te sien. Die geld wat dit hulle kos om 'n paar liggies in die bome te sit, net omdat dit mooi is, is meer as wat 'n hele familie in Suid-Afrika in 'n jaar verdien.

Die mense hier rond verwag dit, hulle vereis dit van die staat, om hulle geld so, met liggies, te verbrand. Dit is nie al nie, van vroeg November, met Guy Fawkes, tot ná Nuwejaar, wil mense sien dat die staat hulle geld in vlamme opskiet. Letterlik in vlamme opskiet, en dan kom die gepeupel, met jasse en serpe en handskoene en flessies warm koffie met brandewyn in, in die koue nag uit om na die vuurwerk te kyk.

Die vuurwerk lok nie net honderde duisende mense nie, maar daar is dikwels meer as 'n miljoen mense wat op een plek bymekaar kom om die skouspel te sien. Die staat voorsien spesiale treine, ekstra treine, en busse, en die strate is so vol mense dat niemand kan beweeg nie.

Duisende polisiemanne doen diens, teen betaling, ten duurste, om oral te wees en die skare te probeer beheer. Vir weke lank werk groot spanne mense daaraan om die hele ding te beplan en te reël. Om verkeer te laat vloei en om vir een nag sommige strate eenrigting te maak.

HULLE kom met dosyne lorries vol spesiale staalheinings wat hulle vir myle, letterlik myle, opsit om te keer dat mense die openbare tuine verniel en om te keer dat mense op geboue se dakke klim, om te keer dat mense buite die verkeer bly, om te keer dat mense mekaar in die moltreinstasie dood trap, en om te keer dat mense mekaar in die rivier in stamp.

Dit kos die staat, loshande, meer as 'n miljoen pond om so 'n vuurwerkvertoning te reël. Dan is daar 'n miljoen mense wat kom kyk, en elkeen spandeer maklik tien pond op vervoer heen en weer, en ietsie om te eet en drink. Almal saam, maklik tien miljoen pond.

Ek ken 'n meisie wat van Griekeland af vlieg om vuurwerk te kom kyk. Ook om vuurwerk te geniet, want wanneer sy hier is, slaap sy in my bed, en dan maak ons heel nag vuurwerk.

Die staat se vuurwerkvertonings is vir my omtrent so opwindend as wat 'n halfdronk minnaar vir 'n lustige meisie is, want dit duur net tien minute. Net wanneer ek, soos die jong meisie, begin belang stel, dan hou hulle op en almal gaan huis toe, om te slaap.

Hulle laat miljoene ponde se rommel en vullis op die strate, vir staatsdienaars om, teen betaling, agter hulle skoon te maak.

Hulle vuurwerk is teleurstellend, en ek voel altyd soos die meisie voel wanneer sy na die dronkgat wat omgerol het se gesnork moet luister. Die gemiddelde van haar verwagting en sy prestasie help haar min, want sy is my soort meisie: Eerder alles, of niks, maar nooit 'n gemiddeld nie.



NAME

Wil jy ook meer oor byname vertel? Skryf aan pos@onsdorp.com

Kammalander Wessel Ebersohn het sommer dadelik van hom laat hoor toe hy lees van Francois Botes se poging om 'n boek oor byname uit te gee. Hier volg 'n paar van sy gunstelinge wat hy reeds raakgeloop het:

Hoekgat. Hierdie ou het die bynaam gekry omdat hy altyd sy snoekerballe in een van die hoekgate probeer rol het, byna nooit in die middelgate nie, al was dit 'n makliker skoot.

Loshanne. Nie Loshande nie, Loshanne. Daar was mos 'n tyd hier in die laat sestigs toe al die mans bo 45 vir militêre diens opgeroep is. Ek was daardie jare in Upington en moes ook gaan inval. Die personeel wat die klomp "ou" manne moes touwys maak, was jong weermaglede en ons het 'n baie knap luitenant in beheer van ons peloton gehad. Ons peloton was dan ook as die beste aangewys en dit moes behoorlik gevier word die aand voordat ons sou uitklaar. Die manne, offisiere inkluis, het goed gekuier en het baie laat eers in die kooi gekom. Die volgende dag word daar nabetrugting gehou, en ons luitenant sê toe die woorde wat hom die bynaam besorg het wat hy vandag nog dra: "Manne, ek was laasnag loshanne die dronkste van julle almal!"

Vleisbees. Op landbouskool het ons 'n ou gehad met die bynaam Vleisbees. In die veeteeltklas, toe die onderwerp van die verskillende soorte beeste waarmee geboer word aan die beurt kom, beduie die onderwyser dat 'n vleisbees een is met 'n groot skof en 'n klein agterlyf. Soos een man het die klomp seuns na hierdie ou in die klas gekyk, en net daar het hy sy bynaam gehad! Die beskrywing het hom perfek gepas.

Bêttériebek. Dis 'n vreeslike naam om vir enige mens te gee, maar tog was dit die bynaam van 'n man wat my vrou se ouma geken het. Skynbaar het hy die naam te danke gehad aan die feit dat hy vreeslik graag vrouens gesoen-groet het, maar sy mond was versier met 'n paar groot lippe wat gedurig nat was, en die vrouens het maar uit sy pad probeer bly! Weet nie mooi hoe 'n bêttérie daarby inpas nie, maar dis die verduideliking wat gegee was toe ons navraag doen.

Johannes Horn laat weet dat byname nie altyd verband hou met die persoon se voorkoms of gewoontes nie. So is daar een jaar drie Francois in sy universiteitskoshuis se eerstejaargroep. Om verwarring te voorkom, word een toe Fief, die ander een Faffa en die derde een bly toe sommer Francois.

In dieselfde koshuis is byname ook "oorgeërf" en bietjie aangepas. As jou ouer broer se naam Koek was, word jy Biscuit; as dit Blaar was, word jy Stingel. Só kry jy in dié koshuis se grootboek 'n inskrywing soos: 1921 - Sif. Vader van Henk (1953), Hienk (1958) en Honk (1958).

En as jou van Op't Hof is, word jy maklik Toffie, en jou broer ná jou Tjoklits.

Hannes Dumas skryf daar was jare terug mense op Gobabis wat die bynaam (skeldnaam?) Gemors gehad het. Die kinders was sommer Kleingemors. Sy neef was onderwyser aan die Hoërskool Hangklip, en sy bynaam was Rondomlelik - seker selfverklarend!

Denise Smith sê hulle het gereeld Clanwilliam toe gegaan en by vriende op 'n plaas gebly.

"Een van hul vrouewerkers was bekend as Poepmeid. Haar naam was selfs op die koopboekie en betaalkovertjie so opgeskryf. Ek weet nie eens of sy 'n ander naam gehad het nie, sy was by almal bekend as Poepmeid."

Martin van den Berg skryf dat hy lengtegewys nie besonder goed bedeed is nie. Op hoërskool is hy gebruik om die gaste welkom te heet - geklee in die hoofseun se kleurbaadjie, wat heeltemal te groot vir hom was.

"Die mense het so gelag en te kere gegaan dat die welkom eindelik verdwyn het," skryf hy. Dieselfde situasie het hom op onderwyskollege voorgedoen toe hy die seniors by die groentjekonsert moes verwelkom - geklee in die baadjie van die grootste eerstespanspeler.

En so word hy toe Goliat van Gat. Hy is selfs in die klas, by kampe, deur dosente en selfs die rektor by geleentheid so aangespreek.

As hulle verleë oor hom was, was hy Golie, as hulle vies was, was hy sommer Van Gat. Toe hy jare later weer van sy pelle ontmoet, was dit maar weer dieselfde ding.

Het jy 'n bynaam-storie? Merk dit BYNAAM en stuur dit aan pos@onsdorp.com



Brood vir die Blik

Anna se polentabroodjie

500ml polenta
2.5ml sout
2 eiers, geklits
50ml heuning
250ml koekmeelblom
5ml bakpoeier
125g botter, gesmelt
250ml karringmelk

Papawersaad om oor te sprinkel

Voorverhit die oond tot 200 °C. Voer 'n broodpan uit met papier en smeer. Meng die droë bestanddele. Voeg eiers, botter, heuning en karringmelk by en roer tot net gemeng. Skep in broodpan en sprinkel papawersaad oor. Bak vir 35 minute. Keer uit en laat afkoel.

Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se groot reeks e-kookboeke. Gaan besigtig hulle met die volgende skakel:

www.onsdorp.com/kookpunt.html Ook 'n ideale en bekostigbare geskenk!



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Venter

nicholeens@yahoo.com

Nicholas Schultatus Havenga Venter. Eerste Nicholas Schultatus Havenga Van Zweel het in 1871 in Suid-Afrika gekom. Van Duitsland.

Van Vollenhoven

bdc@telkomsa.net

Olivier

elizeolivier@home.nl

Els

pieter.els@cardno.com.au

Bennett

bdc@telkomsa.net

JAGSTORIE

Koos en Jan is in die bosveld op jag. Skielik slaan Jan neer en dit lyk nie of hy asemhaal nie.

Koos pluk sy selfoon uit en bel die nooddienste. Uitasem vra hy die operateur: "My maatjie is dood! Wat moet ek doen?!"

Die man op die sentrale antwoord in 'n rustige stem: "Kalmeer net, ek kan sekerlik help. Kom ons maak net eers seker hy's regtig dood."

"Hou aan," se Koos. Dan hoor die operateur 'n skoot.

Koos klim weer op die foon: "Goed, wat nou?"

WENSPUT

Die man leun oor die muur van die wensput, wens iets en gooi 'n muntstuk in. Sy vrou leun ook oor die muur, val in en verdrink.

Die man is 'n ruk lank geskok, dan glimlag hy en dink: Dit werk sowaar!

MANS IS BETER

In 'n groterige fabriek op 'n klein dorpie het net getroude mans gewerk. Die vroue het die fabriekseienaar naderhand gevra: "Hoekom stel jy net getroude mans aan? Is dit omdat jy dink ons vroue is dom, swak of kan nie die werk doen nie?"

"Nee, glad nie," sê die eienaar. "Dis omdat getroude mans gewoon daaraan is om opdragte uit te voer, hulle is gewoon daaraan om rondgestoot te word, hulle weet hoe om hul bekke te hou en is nie dikbek wanneer ek op hulle skree nie!"

AGTEROS

Geesbevange

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

**"Loop hang daar 'n wolk stof agter en bokant
my innie pad soos daai wolk
wattie Israeliete uit Egipteland uit loop
staan en jaag het. "**

Oompie Doors, kerkmens wat hy was, was ook 'n man wattie werklikheid nie loop staan en misken hettie. Verkonnig die ou lat as mens loop staan en stof raak het, beteken dittie lat stoffie kannie loop staan en boos rakie. Wassie ou vrekbang vir die onsienlike dinge.

Vertellie ou vir ons lat hy persoonlik destyds vir Klaas Geswind by 'n boeredag loop staan en ontmoet het. Vertel oorle Klaas glo vir hom daai storie van Skimmelperdpan sallie 'n resitasie loop staan en uitdraai het as daar darie tyd Afrikaanse koerante was nie. Ingilse hettie geweet hoe ommie storie virrie voorblad te loop staan en staanmaak nie.

En, swerie ou hoog en laag, daai heks van Endor wat hulle innie Groot Boek oor skryf, was verlans familie van pastoor Petoors vannie Apostoliekerk. Glo van sy vrou se kant af. Oor-oor grootjie of naastenby so verwant reken hy.

"Issie rede hoekom hulle jongste enetjie met die helmet loop staan en gebore is. Kannie klong mos gesigte sien. Loop en kwylpraat die mannetjie mos met drogbeelde assie maan lykit gaan loop staan en vol raak. Praat hy dinge amper soos 'n mens met 'n kraak innie kopnaat."

Hettie stomme pastoor als probeer om die helmet los te kry. Puur verniet. Kind met wywater uitie Jordaan besprinkel. Pater Rossini vannie Roomse kerk het kom wierook brand onner die stomme mannetjie se neus. Slams vannie Kaap af het met paljas en varkspek kom try. Niks gemakie. Pietertjie Petoors se helmet klou soos boomgom aan 'n vlegsel.

So, vertel oorle oompie Doors, is hy op 'n slag mettie fiets dorp toe. So loop raakit vir hom laat. Skemertyd draai hy die dikwiel Ralleigh se hênnels plaas se kant toe. Sak groenvoer wat hy by oorle oom Smittie Smidswinkel geloop staan en leen het agter oppie kêriër. Paar skeute te veel senuweeeder vannie hotel agterrie blad.

"Daai slag toe ek dorpuut loop staan en ry, in wie loop staan ek en vasry? Nogals byrie kerkhof se hek? Einste Pietertjie Helmet! Sittie kind voorie hek en gesels met niemand nie. Kliphard aan't gesprek voer. Loop staan en skrik ek amper 'n halwe waterglas senuweeeder uit myself uit."

"Roepie outjie jou wragtag vir my oppie naam. Kwyl hy iets wat amper klink soos 'n voorbode. Luister ekkie verderie. Volmaan beginne hoeka oor die rant te loer. Trap ek daai dikwiel se pêddels so elke derde trap skoon mis van oorhaastig staan en word. Loop hang daar 'n wolk stof agter en bokant my innie pad soos daai wolk wattie Israeliete uit Egipteland uit loop staan en jaag het. Benoud, ou swaer, benoud. Ruik ek kol-kol daai benoudgeid al jaag ek wind op"

So moeties ou mos voorkant toe by 'n graf langsie pad ook gaan verbykom. Ingilse soldaat wat hier in 1902 aanie skerpkant van 'n Boeremauser met sy perd loop staan en inry het. Vertellie plaasmense mos lattie die stomme Ingilsman nie sy lê kan kry nie. Loop en soek met volmaan narie anner klomp wat al láánkal huis toe is. Weet oompie Doors van hierie storie. Gee dit sy benoudgeid nog 'n duidliker klankie.



"Ou swaer, en dis lat ek nader aan daai graf loop staan en ry, wat ek loop staan en oorval word mettie moeder van alle gesigsbegogelings. Loop en speel my verbelenheid later kaal hand met my parte. Kry ek 'n drukking oppie hart. Soos 'n jong bulletjie kry as jy sak vasvat net voorlat hy os loop staan en word."

Daai's 'n tweespor sandpad waarlanges die ou so jaag. Plek-plek moetiese ou nog afspring om hekke oop te maak. Tweede laaste hek reg by die Ingilsmen se lêplek neffens die leidam. Konsertinahek. Daai hek met die pap snare soos 'n weggooi viool. Bekslaner noemie ou mense hom. Maak vas met 'n dropper aan 'n stuk ketting. As 'n man hommie bekend en gewoonde is, glip daai dropper bekhoogte met 'n moerse spoed los.

"En dis daai tyd wat ekkie Raleigh se stange by die hek loop vastrek, lattie geesbevangendheid oor my toesak soos 'n bank mis oor Paternoster. Verbeel ek my hierse ding agter my. Kyk ek om. Sien ekkie Ingilsmen se wit perd klipgooi ver agtermy. Sweef daai oorle perd so twee voet bokant die grond innie pad hier agter my. Niks bene nie. Sweef. Doeksaf in die sandpad. Maak ekkie hek se dropper omkyk-omkyk los."

"Loop rakkie wêreld te wyd vir al my konsentrasies. Glippie dropper uitie bloudraad ring uit. Bekhoogte. Gelukkig kyk ek daai tyd om vir die perd. Vang die dropper my bekhoogte teenie agterkop. Slaa hy my uit nog twee waterglase weerbaarheid uit. Kommie perd nogsteeds aangesweef."

Los ekkie hek net so oop. Vattie bicycle sommer self pad. Hol ek 'n ent agter daai bicycle aan. Klim ek hom sommer van agteraf op. Loop staan en jaag ek lat ek eintlik die warmte vannie tyres kan ruik. Kol-kol sukkel ek ommie ruik van tyres en benoudgeid te onnerskei. Bly die perd sweef-sweef by."

"Loop staan en haal Pietertjie Helmet se voorbode my kort deuskantie laaste hek by die plaaswerf in. Loop vang die bicycle se kettang mos my broekspyp. Wennie pyp op. Trap ek myself ydie broek yt lat toe ek innie plaashek loop staan en vasjaag, ek net in my onnerbroek en baadjiepante annerkantie hek loop grondvat. Hol ek hystoe. Kossit vir oorle ma my 'n lampetbeker vol suikerwater ingee voorlat ekkie storie kan uitkry."

Vertel oompie Doors vat oupa Hennerik 'n lantern en stap hulle twee hek toe ommie spookperd te gaan soek.

"Toe ons daai hek voetjie-vir-voetjie benader, staan en sweef daai perd wragtig nog so twee voet bokantie grond en vreet die groenvoer wat met die slag vannie bicycle afgeval het. Staan en klop my en oorle Oupa se harte soos basdromme innie Salvation Army se slagorkes"

"Is toe oorle Oupa loop staan en sê, 'Ingilse bese gees, watvoor loop staan en rus jy nie', lat ons sien is toe allietyd 'n vleis-en-bloed perd. Buurman se ou wit pensioenmerrie. Laken, wassie ding se naam. Stokoud en half kens. Van haar knieë af onnertoe pikswart vannie leidammodder. Moes agter die voer se ruik aan gehol het. Pêre vreet en ruik mossie benoudgeid nie."

Toe't ons twee nou die vlentergat Raleigh staan en plaas toe dra, mompel oorle oupa Hennerik, "Is oorlat jou asem die ene blêrie spook stink wat jy lyk soos wat jy lyk."

CROC



Die jaar se laaste KAMMANUUS verskyn op 15 Desember.